Gepubliseer op:

Deur Christus Alleen

Tuisblad van dr. A.H. Bogaards

www.enigstetroos.org

Lees: Ps.143

Teks: Ps.143:1

Datum: 18 April 2010 (RW, Kandelaar)

Psalms: Ps.25:1,2; 25:3,4; 25:5,6; 25:7,8; 25:9,10

1. Inleiding

Op 'n dag het Jesus se dissipels na Hom toe gekom en vir Hom gevra: "Here, leer ons bid". Daarop het Jesus hulle die Onse Vader geleer (Lk.11:1-4).

In vraag en antwoord 31 van ons Kategismus bely ons: ***Christus*** is deur God die Vader bestem en aangestel en met die Heilige Gees gesalf is tot ***ons hoogste Profeet en Leraar*** , wat aan ons die verborge raad en wil van God aangaande ons verlossing ten volle bekend gemaak het. So sien ons Hom ook aan die werk met sy dissipels: as Leraar wat hulle leer hoe om te bid.

As ons wil leer om te bid, moet ons ***na hierdie leerskool gaan***: na die leerskool van ons Here Jesus Christus. Ons weet nie self hoe ons moet bid en wat ons moet bid nie. Ons groot Onderwyser moet ons dit leer. En die leerskool van hierdie Leraar en Profeet is die Bybel. Daar vind u die leerplan van ons Here Jesus Christus.

Nou het Jesus sy kerk onder andere die groot ***modelgebed, die Onse Vader, geleer***. Maar dit is ***nie die eerste keer*** dat Jesus sy kerk geleer bid het nie. Ook in die Ou Testament kom ons Profeet en Leraar aan die woord. Ook onder die Ou Verbond het Hy self vir sy kerk gebedsonderrig gegee. Ek dink onder andere aan die Psalms. Iemand het eenmaal gesê: Wie wil leer bid, moet die Psalms bestudeer. En dit is waar. In die Boek van die Psalms tref ons verskillende Psalms aan wat ons kan beskryf as gebede, as ***gebedspsalms***. Daarom is dit so ontsettend belangrik dat ons kinders die Psalms moet leer en moet ken. En lê nie juis daarin die rede vir ons gebedsarmoede nie: dat ons die Psalms nie meer ken en sing nie?

Een van die gebedspsalms in die Psalmboek is Psalm 143. Dit is so duidelik as wat maar kan kom. Reeds in die eerste vers hoor ons Dwaid bid: "o Here, hoor my gebed; luister tog na my smekinge; verhoor my in u trou, in u geregtigheid".

Laat ons daarin dink dat ons Here Jesus Christus self hier aan die woord is en dat Hy die Een is wat ons ook in Psalm 143 wil leer hoe ons moet bid.

In die gebed van Psalm 143 hoor ons:

1. 'n skuldbelydenis;
2. die gronde of redes waarom die HERE na ons moet luister; en
3. die digter bid dat die HERE hom moet verlos.

2.1. 'n Skuldbelydenis

Psalm 143 is een van die 7 Psalms in die Psalmboek wat beskryf word as ***boetpsalms***. Met boetpsalms word bedoel: Psalms waarin die Psalmdigters hulle sondeskuld voor die HERE bely, Psalms waarin hulle God smeek om vergifnis en om van sy straf verlos te word.

Psalm 6 is die eerste boetpsalm. Daarop volg Psalm 32, 38, 51, 102 en 130.

Die laaste boetpsalm, die sewende in die ry, is Psalm 143. Ons kan maar sê: Psalm 143 is 'n gebedspsalm wat 'n boetpsalm. In hierdie Psalm ***bely koning Dawid sy skuld*** voor die HERE. Diep bewus van sy sondeskuld bid Dawid in vers 2: "En gaan nie na die gereg met u kneg nie, want niemand wat leef, is voor u aangesig regverdig nie".

In vers 3 hoor ons ook van die ***straf*** van die HERE: "Want die vyand vervolg my siel; hy vertrap my lewe teen die grond; hy laat my woon in duisternisse soos hulle wat lankal dood is".

Hierdie Psalm het Dawid gedig in die tyd ***toe hy moes vlug vir sy seun Absalom***. Dit is die vyand wat sy siel vervolg. Daarin het die koning ook die straffende hand van die HERE gesien. Immers, na sy sonde met Batseba en nadat hy Uria vermoor het, het die HERE by monde van die profeet Natan vir Dawid gesê: "En nou sal die swaard vir ewig van jou huis nie wyk nie, omrede dat jy My verag het en die vrou van Uría, die Hetiet, geneem het om jou vrou te wees" (2 Sam.12:10).

Wat leer ons Here Jesus Christus ons in hierdie Psalm? ***Skuldbelydenis***. Dit moet deel van ons gebed wees. Dit is immers ook een van die bedes van die Onde Vader: "Vergeef ons ons skulde".

Ons kom nie self tot skuldbesef nie. Die HERE moet ons van sondeskuld oortuig. So was dit ook met Dawid: Dit was eers nadat die profeet Natan na hom toe gekom het, dat Dawid op sy knieë gegaan en sy skuld bely het. Deur die krag van die Woord word Dawid se lippe oopgebreek in 'n skuldbelydenis. Daardie selfde Woord kom vandag tot ons en in die woorde van Psalm 143 vers 2 sê die HERE by monde van Dawid vir ons: "Niemand wat leef, is voor u aangesig regverdig nie". Niemand nie. Ons staan almal al skuldiges, as strafwaardiges voor die regbank van die HERE. Bely ons ook ons skuld saam met Dawid? Want in hierdie Psalmwoord leer Christus self ons dat dit moet.

Dawid staan skuldig voor die HERE. Nogtans hoor ons hom bid dat hy bevry mag word van die vyand.

Dit bring ons by die volgende:

2.2. Die redes wat Dawid aanvoer waarom die HERE sy gebed moet verhoor

- ondanks sy sondeskuld, ondanks die feit dat hy heeltemal niks daarvan verdien nie.

In vers 1 bid Dawid: "o HERE, hoor my gebed; luister tog na my smekinge; verhoor my in u trou, in u geregtigheid".

Dit is woorde so heerlik, so wonderlik ryk aan gebedsonderrig vir ons. Hier hoor ons die gronde wat ons ook mag aanvoer waarom die HERE ons gebed moet verhoor. Hier leer ons waarin ons sekerheid lê dat die HERE ons gebed sal verhoor.

Reeds die heel eerste woord is van die uiterste belang. Want Dawid begin deur te bid: "o ***HERE***". In die Ou Vertaling staan die Naam HERE met hoofletters geskrywe. Dit is die verbondsnaam **JAHWE**. Dawid weet: Die God tot wie hy in sy nood nader, is die God wat met Hom 'n verbond gesluit het. Ja, die HERE het aan Dawid belowe: Sy koninklike troon sal vasstaan tot in ewigheid. Dit was die HERE se verbond met hom. En nou word Dawid se koningskap bedreig deur Absalom en wat doen Dawid dan? Hy doen 'n beroep op die HERE, op sy verbond, op dit wat Hy self belowe het.

Dawid begin met die Naam HERE. En by daardie Naam eindig hy ook wanneer hy in vers 11 bid: o HERE, maak my lewend om u Naam ontwil. Dit omraam hierdie Psalm. Om U Naam ontwil - ***dit is niks anders nie as die bede: Laat U Naam geheilig word.***

Nooit word God se Naam meer geheilig en verheerlik as dan wanneer sy volk bid in die Naam van sy Seun nie.

In vers 2 en weer aan die einde, in vers 12, noem hy homself ***kneg van die HERE***. Dit wys ook weer op die HERE se verbond met Dawid. Dit is net soos in Ps 116:16 die punt van die gebed: “Ag, HEER, ek is, o ja, ek is u kneg”. Op die genadegrond van die genadeverbond staan Dawid so heerlik vas en seker in sy gebed.

In die res van vers 1 hoor ons Dawid bid: "o HERE, … verhoor my in u ***trou***, in u ***geregtigheid***". In u trou, in u geregtigheid – dit is nogeens pure verbondstaal.

- Die HERE is 'n God van trou. Ons kan dit ook vertaal met waarheid. Die HERE is 'n God van waarheid. Hy be-waarheid wat Hy beloof. Hy maak sy beloftes waar. Daaraan hoef ons nooit te twyfel nie.
- Die HERE is ook 'n God van geregtigheid. Die woord geregtigheid kan ons ook weergee met verbondstrou. Die HERE bly getrou aan dit wat Hy beloof het.

Dawid doen dus 'n beroep op die HERE se verbondstrou.

Maar daar is nog 'n woordjie waarop ek u aandag wil vestig. Dawid bid: "o HERE … hoor my ***smeking***". Smeking - dit is 'n ander woord vir gebed. Heel letterlik kan ons dit vertaal: smeek om genade. Dawid smeek om God se onverdiende guns. Hy weet dat hy dit hoegenaamd nie verdien om verhoor te word nie. Daarom kan hy slegs pleit op grond van God se genade. Of in Nuwe Testamentiese taal gesê: om Christus wil. ***Daarin weet Dawid lê die verbond van God met hom vas.***

Dawid begin sy gebed met die woorde "o HERE", die Verbondsnaam. Dit is dieselfde as die Naam ***Vader***. Ja, want as ons bid "Onse Vader wat in die hemel is", dan mag ons daarby dink dat God 'n verbond met u opgerig het. Immers, ons doopsformulier sê vir ons: "As ons in die Naam van die Vader gedoop word, betuig en verseël die Vader aan ons dat Hy 'n ewige genadeverbond met ons oprig".

By ons doop het die HERE aan ons 'n rykdom aan beloftes gegee en in ons gebede mag ons ook bid: Vader, in u geregtigheid, in u verbondstrou, wil U u beloftes tog vervul.

Maar ewe min as Dawid verdien ons die vervulling van die beloftes. Daarom moet ook ons gebede altyd smekinge bly, 'n smeek om genade: Onse Vader … verhoor ons om Christus wil.

Dawid was ’n man met heerlike gebedsvrymoedigheid. En in vers 5 laat hy ons sien waar hy hierdie vrymoedigeid vandaan gekry het: uit die Woord, uit die verlossingsgeskiedenis. Hy het nagedink oor God se dade, oor die werke van sy hande. In die verlossingsgeskiedenis, in die genadegeskiedenis het Dawid ***die HERE se hande gesien***. En hierdie hande vol genade gee Dawid die vrymoedigheid in vers 6 om ***sy hande*** na die HERE toe uit te brei. Die handewerk van God en bo alles sy handewerk op Golgota gee ons die grond en die vrymoedigheid om ons hande na Hom toe op te hef in die gebed.

Omdat Dawid geweet het van die HERE se trou en genade, hoor ons hom vervolgens

2.3. bid dat die HERE hom moet verlos:

In vers 8 Dawid bid om die goedertierenheid van die HERE: "Laat my u goedertierenheid in die môre hoor, want op U vertrou ek". Ons mag maar hierby heel letterlik dink aan die nag voorafgaande aan daardie môre dat hy Absalom sou ontmoet in die stryd. En nou bid Dawid dat hy daardie volgende môre mag hoor van die HERE se goedertierenheid.

Wat bedoel Dawid met die HERE se ***goedertierenheid*** waarvan hy die volgende môre wil hoor? Die woord kan ons vertaal met ***lojaliteit***, verbondslojaliteit. Die HERE is absoluut lojaal teenoor sy volk met wie Hy sy verbond opgerig het. U kan altyd op Hom staatmaak. Hy laat sy volk nimmer as te nooit in die steek nie. Hy is daar om sy kerk te help, om sy volk te verlos en om sy kinders te dra. Hierdie woord ***lojaliteit*** het alles met sy verbond te make. Dit is 'n verbondswoord. Dit spreek van die absolute trou van die HERE jeens sy verbondsvolk.

Op hierdie lojaliteit van die HERE doen Dawid 'n beroep, want in vers 9 en 12 hoor ons hom bid: "Red my van my vyande, Here! By U skuil ek ... vernietig my vyande in u goedertierenheid, en bring hulle almal om wat my as vyand behandel" (vv.9,12). Vernietig my vyande in u goedertierenheid - Dawid vra dat die HERE in sy verbondslojaliteit sy vyande sal verslaan.

En in sy lojaliteit het die HERE sy Seun gestuur en ons doodsvyande, die duiwel, die wêreld en ons eie sondige natuur op die slagveld van Golgota verslaan. In die evangelie van die kruis sien u God se lojaliteit jeens u. In sy lojaliteit het Hy deur sy Seun die dood oorwin, sodat ook dié vyand ons nie meer hoef te verskrik nie.

Nee, Dawid, die groot generaal, weet nie self hoe om die stryd van die volgende dag te voer nie. Daarom bid hy: "***Maak my bekend die pad wat ek moet gaan .. Laat u goeie Gees my lei …***". Hy bid om God se leiding, om die leiding van sy Heilige Gees.

Daarin is vir ons 'n groot les, 'n gebedsles opgesluit: Ons weet ewemin as Dawid wat ons moet doen in ons doodstryd teen die sonde, die duiwel en sy ganse ryk. Daarom moet ons voortdurende gebed bly: Vader, wys u my die weg om staande te bly en te oorwin. Wys u u kerk die pad wat ons moet gaan om in 'n tyd van vreeslike stryd en afval en afdwaling en agteruitgang staande te bly. Wys u ons as ouers hoe ons ons kinders moet opvoed in hierdie goddelose tyd. Skenk ons u goeie Gees om ons te lei.

En dan mag ons ook weet ***waar ons die goeie <u>Gees</u> van God, die Heilige Gees wat ons moet lei, kan vind***: ***<u>in die Woord</u>***. Daar vind u die Heilige Gees. En weet u wat doen die Heilige Gees in die Woord: Hy wys u nie op uself, op u eie krag nie. Nee, want dan sal ons sekerlik in hierdie stryd verloor. Daarom wys die Heilige Gees ons voortdurend op die goedertierenheid van die HERE, op die lojaliteit van God. Anders gesê: Hy wys ons op Christus, op sy krag en sy oorwinning. Want Christus, Hy is die lojaliteit, die goedertierenheid van God. In Hom sien en ervaar ons die lojaliteit van die Here. In Christus skenk God aan ons die oorwinning.

<u>3. Slot</u>

Ons groot Profeet en Leraar Jesus Christus het ons vandag weer, aan die hand van Psalm 143, gebedsonderrig gegee. Hy het ons laat hoor hoe en wat ons moet bid. Kom ons bid dan ook om gehoorsaamheid aan hierdie les.

AMEN